

18 Desember

Johannes 15:1-8

Kersfees: 'n blywende verbintenis met Christus

U vra: Waarom kan ons Kersfeesvreugde nie die hele jaar voortduur nie?

God antwoord: omdat Christusvreugde en Christusheerskappy slegs in werklike verbintenis met Hom ervaar kan word. Ons moet soos lewendige lote in Hom, die Wingerdstok, leef. Wie Kersfeesvreugde so die hele jaar indra, sal elke dag Christusvreugde beleef. Ten spyte van welke aanslag ook teen ons geloofs sal word... Ten spyte van welke Satanshou ook al teen die Koningsheerskappy van Christus gemik sal word.

Die Seun wat vir ons gebore is, se heerskappy hou vir ewig stand. Hy sal vir altyd voorspoed en vrede bring. Hy sal sy Koninkryk in stand hou van nou af en vir altyd... **ELKE DAG KAN DUS KERSFEES WEES...** Elke dag moet dus in verbintenis met Christus geleef word.

Maar dan moet ons Hom daagliks deur middel van 'n ware en opregte geloof omhels. Deur middel van hierdie ware geloof **ALLEEN** kan en sal ons aan Hom en al sy voorregte verbind bly. Dan soek u na niks anders as in die eerste plek na Hom nie. Dan lei Kersfees 'n blywende verbintenis vir die nuwe jaar met Hom in waarin u daagliks dieper sal groei. 'n Lewende verbintenis in Hom, omdat Hy ons as sy kinders aangeneem het - vir ewig! Nie net tydens Kersfees nie, maar vir 'n lewenslange Kersfees op hierdie aarde. En eendag in die hiernamaals 'n heerlike en volmaakte verbintenis met God Drie-enig.. ja, Kersfees vir **EWIG**.

Ds. D. Laufs (Alberton-Wes)